HUIS KALAHARI VISSER
VAN DER LINGENSTRAAT, POSBUS 281, PAARL, 7620
021 872 4066 – TELEFOON
086 58 99 114 – FAKSNOMMER DIREK
kalaharivisser@gimkoshuise.co.za – E-POS

Liewe Ouers van Huis Kalahari Visser

My eerste briefie aan u. Mag daar ‘n wonderlike verhouding tussen ons ontwikkel. Ek het baie mooi bedoelings met en planne vir u kinders in die komende jaar. Ek wil hulle baie spesiaal laat voel in Huis Kalahari Visser.

Met u hulp en ondersteuning kan dit vir elkeen van ons ‘n onvergeetlike jaar wees. Dit is vir hul almal ‘n nuwe tuiste en daarom sal ek graag ‘n paar belangrike sake wil uitklaar sodat u solank daaroor kan dink en met u kind bespreek.

- Neem vrymoedigheid om enige tyd met my te skakel indien u dit nodig sou ag.

- Ondersteun ons gebruike en metodes van dissiplinering en die handhawing van orde. Ons sal nie oorreageer en op hol raak met onbenullighede nie. Hou my vlag hoog en ek sal dit met u doen.

- Moenie bekommmerd wees oor die sogenaamde verwelkomingspraktyke nie. Ek sal dit persoonlik monitor.

- Die ondersteuningspersoneel sal die volgende wees: ek en my vrou Sandra, die dogters Superintendente(dogters) mev. Myburgh,
mev. Serma Pretorius(sekretaresse) en diensonderwysers.

- Dit mag soms gebeur dat u voel dat u kind as gevolg van omstandighede deur ’n ander kind(bv. kamermaat) benadeel word. Dit is u reg om so te voel; my versoek is net dat u nie self daardie kind sal nader en die saak probeer oplos nie. Ken eerder vir my of die dogterssuperintendente in die saak en ons sal die saak hanteer, met terugvoering aan u indien nodig.

- Dit mag soms gebeur dat die kinders tydens sekere vakansies al hul waardevolle items uit hul kamers moet ontruim. Kennisgewing in dié verband sal vroegtydig deurgegee word.

- U Sondagskoolreëlings moet asseblief baie duidelik wees indien van toepassing.

- Die kinders sal per bus vervoer word na en van die skool, sport en ander skoolverwante aktiwiteite.

- Indien u kind oor die naweek by die huis sou siek raak of om enige ander rede later as Maandagoggend terugkeer na die koshuis na afloop van die naweek, wil ek u asb. versoek om die kantoor daarvan te verwittig.

- Indien u kind in die week by die koshuis sou siek raak, sal ons u dadelik daarvan verwittig. U het dan die keuse om self u kind te kom haal en dokter toe te neem OF ons al u kind by 'n mediese dokter besorg. U sal verstaan dat indien u kind 'n aansteeklike siekte onder lede het en word op mediese aanbeveling vir 'n paar dae afgeboek, dit beter sal wees vir u kind en al die ander inwoners dat hy/sy tuis of elders sal aansterk.

- Ek wil u versoek om besoeke aan u kind se kamer tot die minimum te beperk. Ek het nie 'n probleem daarmee dat u u kind met sy/haar bagasie help nie(bv. aan die begin van 'n kwartaal), maar u sal verstaan dat GEEN MAN aan die dogterskant en GEEN VROU aan die seunskant toegelaat kan word nie. Dit kan net lei tot ongemaklike situasies. Indien dit op die hoogste uitsondering moet plaasvind, moet u deur die diensdoenende onderwyser vergesel word. Hierdie reël geld egter nie op Sondag 14 Januarie 2018 nie, aangesien die meeste ouers hul kinders op die dag van "inboek" wil vergesel na hul kamers.

- Klaar asseblief bel-,sms- en WhatsApp-tye met u kind uit, sodat hulle nie in ongemaklike situasies sal beland nie, soos bv. gedurende etens-, stilte-,en studietye en na ligte-uit. Selfone is 'n kopseer indien dit op <u>verkeerde tye</u> gebruik word.

- Moedig u kind aan om stiptelik op klokke te reageer, te alle tye konsidererend teenoor ander op te tree, nie luidrugtig te wees nie, nie wasgoed in die vensters te hang nie, <u>netheid en ordelikheid redelik</u> voorop te stel, en om geensins vandalisties te wees nie. (Klomp klein jakkalsies)

- **<u>VERLAAT VAN KOSHUIS GEDURENDE DIE WEEK:</u>**

  - Vanweë die groot ontwrigting wat veroorsaak word deur ouers wat hul kinders op enige weeksdag <u>sonder verlof</u> uit die koshuis neem, word hierdie gebruik ten sterkste ontmoedig. Ek sal mos nooit weier dat u u kind besoek of uitneem nie: reël dit net betyds met my persoonlik, mev. Myburgh of via die kantoor.(mev. Pretorius ons sekretaresse)

  - Die Superintendente, Hoof, Koshuishoof of Beheerliggaam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige leerder wat die koshuis sonder verlof verlaat nie.

  - Die kinders moet asseblief nie gedurende die week partytjies van maats in die dorp of elders wil bywoon nie. Ons gaan dit nie toelaat nie, al gee die ouers toestemming daarvoor.

  - Indien u kind of enige ander familielid verjaar is u welkom om u kind vir die aand uit te neem . Ek versoek u net om dit asb. betyds met my te reël. U kind sal egter nie toegelaat word om 'n maat wat 'n inwoner van die koshuis is saam te neem nie.

  - Ons wil u versoek om asseblief ons hande tydens studie-,etens- en stiltetye te sterk deur nie u kind gedurende hierdie tye in die koshuis te besoek of uit te neem nie. Hierdie reëling geld omdat dit net kan bydra tot 'n losse dissipline in die koshuis as 'n geheel. Indien dit in die hoogste uitsondering moet plaasvind, MOET die diensdoenende onderwyser hierin geken word.

- Vir ons kinders se veiligheid en kontrole daaroor, MOET die VOLWASSENE wat hom/haar van die terrein verwyder of terugbring gedurende die week of naweek asseblief in die voorportaal UIT- EN INTEKEN. Daar sal te alle tye 'n lêer in die voorportaal beskikbaar wees. GEEN leerder mag vir hierdie doel hom-/haarself in- en uitteken nie.

- Nadat u kind na afloop van 'n naweek by die koshuis afgelaai is moet hy/sy asseblief nie die pad vat en in die dorp rondloop nie. (Bv. Op 'n Sondagmiddag)
  Tref hierdie reëling baie duidelik met u kind, want dit is vir ons belangrik om te alle tye te weet waar ons leerders hulself bevind.

- Die koshuis se deure sluit op 'n Sondagaand om 21:00. Ek wil u dus versoek om u kind na afloop van 'n naweek voor bg. tyd te kom aflaai.

- Die kinders mag na 'n naweek ook op 'n Maandagoggend by die koshuis afgelaai word. Indien hy/sy met die bus wil skooltoe ry, moet dit asseblief net voor 7:10 wees. Indien u na afloop van die naweek u kind direk by die skool kom aflaai, moet u egter nog steeds na die koshuis gaan en u kind dienooreenkomstig gaan inteken.

- Tydens tuisnaweke (2 per kwartaal) moet leerders nie later as 17:00 die Vrydagmiddag by die koshuis afgehaal word nie. Op hierdie dae sluit die skool reeds om 13:00. Op Sondagmiddae van tuisnaweke sal die koshuis weer vanaf 16:00 tot 21:00 oop wees sodat leerders kan terugkeer. Op die Vrydagmiddag en Sondagaand van 'n tuisnaweek sal daar geen etes deur die koshuis aan inwoners verskaf word nie.

- Leerders word toegelaat om op Dinsdagmiddae en Vrydagmiddae dorp toe te gaan. Ek wil vra dat hul slegs hierdie middae vir die doel sal gebruik en nie met versoeke te kom om op 'n ander weeksdag die dorp te besoek nie. (Kinders moet leer om te beplan)

- Ons poog om sover moontlik slegs die voordeur van die Hoofgebou te gebruik vir toegang. Dit is die veiligste opsie. Daar is groot parkeergeriewe voor die koshuis, maar buite ons terrein. Hierdie parkeerarea word deur 'n privaatmaatskappy bedryf. Die parkeertariewe is gratis vir die eerste uur. Let net daarop dat hierdie parkeerarea na 18:00 in die aand slegs via die noordelike uitgang verlaat kan word.

- Geen warmkomberse, staafverwarmers, dompelkokers en ketels word toegelaat nie.

- Ons verskaf 'n yskas, mikrogolf en 'n ketel vir die gerief van ons leerders.

- Twee waaiers, 1 klankstelsel en twee blaasverwarmers word per kamer toegelaat.

- Wasgoed word by Huis McFarlane Koshuis gedoen. Maak baie seker alles is deeglik gemerk. Ek sal die prosedure van wasgoed ingee en terugontvangs volledig met u kind bespreek. Aangeheg sal u 'n lys van wasgoednommers vir die doel vind

.

- Kinders moet asseblief minstens drie goeie slotte hê en die sleutels soos goud bewaar. Een gemerkte stel sleutels aan 'n houer moet asb. by Mev. Pretorius ingegee word vir bewaring op Sondag 14 Januarie 2018. Die kinders verloor soms hul sleutels of sluit dit per ongeluk in hul kaste toe, dan het ons 'n spaarsleutel en hoef die slot nie geknip te word nie. Mev Pretorius sluit hierdie spaarsleutels op 'n veilige plek toe.

- In elke leerder se kas is ‘n digitale kluis ingebou. Die huur van so ‘n kluis beloop **R200 per jaar**. Die geld kan op 14 Januarie by registrasie inbetaal word **(kontant ASB.)**. Die huur en gebruik van hierdie kluise word ten sterkste aanbeveel.

- **NAWEEKVERLOF:**

- Hierdie is tradisioneel een van die moeilik bestuurbare aspekte van ‘n koshuis. Ek wil dit baie graag probleemvry bestuur en hou die volgende model aan u voor. Dink solank gedurende die vakansie daaraan.

- U kind **mag elke naweek** uitteken. Waarin ek belangstel is waarheen – ouerhuis of elders?

**KATEGORIE A**

- Indien u kind na sy ouerhuis gaan is geen toestemming van u kant af nodig nie.

**KATEGORIE B**

- Indien u kind na **enige ander plek** as sy/haar ouerhuis gaan **(selfs tuisnaweke)** is **u toestemming** nodig **voor Donderdag om 13:00.** Dit moet asseblief skriftelik per faks of e-pos wees na die koshuiskantoor. Ek wil ook sterk aanbeveel dat u minstens telefonies in verbinding tree met u kind se gasouers om die naweekreëlings te bevestig alvorens u toestemming gee.

- In beide kategorieë A en B hierbo wil ek weereens beklemtoon dat die VOLWASSENE wat u kind vir die naweek kom haal/terugbring, asseblief u kind in die voorportaal sal uit- en inteken. **Die opname by die kinders oor hul naweekreëlings word Woensdagaande gedoen en ek wil versoek dat u kind reeds dan sal weet waarheen hy/sy gaan.**

- Dit is **u kind se keuse** of hy/sy op ’n Vrydagmiddag by die koshuis wil eet(opname Woensdagaand voor die naweek) Indien daar aangedui is dat hy/sy daar wil eet sal daar verwag word dat u kind die ete moet bywoon. Maak dus seker hiervan; dit skakel onnodige vermorsing uit. U sal ook verstaan dat u kind eers na afloop van die ete uit die eetsaal verskoon sal word en ons nie kan toelaat dat kinders een een verdaag om saam ouers te gaan wat haastig is nie.

❖ **<u>BELANGRIK!!!</u>**

- **Alle graad 8's van Huis Kalahari Visser van 2018, moet op Sondag 14 Januarie 2018 tussen 9:00 en 14:00 in Kalahari Visser se voorportaal aanmeld vir die afhandeling van administratiewe reëlings. Die koshuis is geleë in Van der Lingenstraat net onder die Toringkerk. (GPS koördinate: 33°43'59"S 18°57'53"E) Tydens die geleentheid sal koshuisgangers reeds in kamers ingedeel word en kan hulle hul items(bv. skooltas, skoolklere, ens.) wat hulle NIE tydens die graad 8-kamp gaan gebruik nie in hul kaste toesluit.**

- **U is verantwoordelik om daarna u kind om 16:00 by die Carel Redelinghuys Sentrum(net langs ons skoolgebou) te besorg vir die graad 8-kamp!**

- **Alle Gr. 8 ouers en leerders (koshuis en dorp) sal dan in die Carel Redelinghuys Sentrum toegespreek word.**

- **Na afloop van bogenoemde sal ek graag met alle voornemende ouers van Huis Kalahari Visser wil gesels en dit sal ook plaasvind in die Carel Redelinghuys Sentrum.**

- **U kind sal 'n volledige stel koshuisreëls ontvang na afloop van die Gr. 8 kamp. Ek sal dit dan stelselmatig met hul deurwerk en ruim kans gee vir implementering daarvan. Ek sal ook vir u 'n kopie daarvan gee tydens ons vergadering van 14 Januarie.**

- **U is welkom om u kind na afloop van die Gr. 8 kamp op Dinsdag 16 Januarie by die koshuis te kom besoek of uit te neem. <u>U kan dit vanaf 14:30 tot 17:00 doen</u>. U is onder geen verpligting om bg. te doen nie, maar ek weet sommige ouers het die behoefte om met hul kind te gesels voor die hoërskool die volgende dag begin.**

- **<u>U kind kan die eerste naweek van die skooljaar (19 tot 21 Januarie) huis-toe gaan of in die koshuis bly</u> aangesien dit nie 'n verpligte 'inbly' naweek is nie. Ons skool se kleure-atletiekbyeenkoms is juis op Vrydag 19 Januarie en baie ouers verkies dan om die atletiek te kom kyk en daarna hul kind huis toe te neem om oor die wedervaringe van die eerste week te gesels. Die byeenkoms eindig ± 14:00.**

❖ **ONTHOU NET ASB. OM DIE VOLGENDE ITEMS BESKIKBAAR TE Hê BY REGISTRASIE OP SONDAG 14 JANUARIE BY HUIS KALAHARI VISSER:**

- <u>3 Goeie slotte</u> (heg 'n kopie van een sleutel van elk van die slotte aan 'n gemerkte houer vir inhandiging).
- <u>R200</u> vir die jaarlikse kluishuur(kontant asb.)
- Ingevulde <u>Toelatingsbesonderhedevorm</u>(sien aangeheg).
- Afskrif van u <u>mediesefonds inligtingskaart</u>.
- <u>X 2 Onlangse gesigsfoto's (ID-tipe)</u> van u kind met sy/haar noemnaam en van agterop albei geskryf

- Ek wil op hierdie stadium aan elkeen van u ‘n baie aangename vakansie toewens. Geniet elke oomblik daarvan en rus lekker uit. Mag die Kerstyd vir ons almal weereens ‘n onvergeetlike ervaring wees en ons inlei in ’n feestelike nuwe jaar vol seëninge .

- Ek sien met groot verwagting uit na u en u kind se koms na dié beste skool.

Vriendelike groete

P. EKSTEEN
SUPERINTENDENT
(Sel: 0835650313)
2017/11/15

- **VIND AANGEHEG DIE VOLGENDE DOKUMENTE:**

1. ‘**N VORM MET BETREKKING TOT U BESONDERHEDE**. VOLTOOI DIT ASSEBLIEF EN BESORG DIT AAN ONS OP 14 JANUARIE 2018.

2. **LYS VAN BENODIGDHEDE** SAAMGESTEL DEUR MEV. PRETORIUS, ONS SEKRETARESSE, WAT SY AANBEVEEL U KIND MOET SAAMBRING NA HUIS KALAHARI VISSER.

3. LYS VAN **WASGOEDNOMMERS VIR SEUNS.**

4. LYS VAN **WASGOEDNOMMERS VIR DOGTERS.**

5. ’N **VERWELKOMINGSBRIEF** VAN 2018 SE KOSHUISHOOFLEIERS.

6. FOTO’S VAN 2018 SE **KOSHUISPREFEKTE**.

7. ‘’N **CV BLAD** WAT VOLLEDIG DEUR ELKE GR 8 KOSHUISINWONER VAN 2018 INGEVUL MOET WORD. DIE KOSHUISHOOFLEIERS SAL DIT TYDENS DIE GR 8 KAMP OPNEEM.

8. ’ N **LYS VAN BENODIGDHEDE** VIR DIE VERWELKOMINGSPROGRAM VAN DIE EERSTE PAAR WEKE BY DIE KOSHUIS SOOS AANGEVRA DEUR 2018 SE KOSHUISHOOFLEIERS.

**HUIS KALAHARI VISSER** **TOELATINGSBESONDERHEDE : 2018**

**Leerder**:

Van:_____Noemnaam:_____

Doopname:_____

IDNR:_____ Geslag:_____

**Vader**: Naam en Van:_____

IDNR:_____

Woonadres:_____

Posadres (indien verskil van bg.)_____

Tel:(H)_____(Sel)_____

(W)_____(E-Pos)_____

**Moeder**: Naam en Van:_____

IDNR:_____

Woonadres:_____

Posadres (indien verskil van bg.)_____

Tel:(H)_____(Sel)_____

(W)_____(E-Pos)_____

**Mediese Inligting**: Naam van fonds:_____

Hooflid:_____

Mediese fondsnr:_____Plan/Opsie:_____

**Allergieë** of Mediese Toestand waarvan ons kennis moet neem:

_____

Name van Broers/Susters in Gim:_____

**Kontaknommers en Name** van familie/vriende in die omgewing:

_____

**HEG ASSEBLIEF 'N AFSKRIF VAN U MEDIESEFONDS INLIGTINGSKAART AAN**

Mev. Pretorius, ons sekretaresse het die volgende **LYS VAN BENODIGDHEDE** saamgestel wat sy aanbeveel saamgebring word na Huis Kalahari Visser:

1. Beddegoed vir ‘n enkelbed
1.1 2 Lakens
1.2 2 Duvetoortreksels
1.3 1 Duvet
1.4 2 of 4 Kussingslope
1.5 1 of 2 Kussings

2. In die winter – ekstra kombers en warmwatersak (elektriese kombers nie toelaatbaar)

3. Toiletware in ‘n toiletsakkie

4. 2 Handdoeke

5. Medisynetassie: (ons as koshuis/personeel mag geen medisyne verskaf nie) Leerders moet ook daarop let dat die oor en weer gebruik van medikasie tussen leerders TOTAAL afgekeur word in opdrag van die WKOD en in ooreenstemming met die Wet op Veiligheid en Gesondheid en die Wet op die Verspreiding van Medikasie.

5.1 iets vir naarheid/braking,
5.2 pyn/koors,
5.3 ligte verkoue,
5.4 diarree,
5.5 sinus,
5.6 hooikoors (anti-histamien).
5.7 pakkie pleisters
5.8 bactroban salf
5.9 ontsmettingsmiddel
5.10 watte

6. Eetgerei: (dit is wanneer inwoners vir hulle self iets wil maak om te eet/drink)
6.1 beker
6.2 mes
6.3 vurk
6.4 bordjie
6.5 lepel

7. Eetgoedjies (daar is wel ‘n snoepie beskikbaar)

8. Drinkgoed (yskas beskikbaar)

9. Bedkassie (opsioneel-maak eers seker of daar plek is)

10. Waaier/verwarmer (volgens spesifikasie sien koshuishoof brief) opsioneel

# WASGOEDNOMMERS

## GRAAD 8 SEUNS 2018

| | |
|---|---|
| Agenbag, Dawid | 7 |
| Basson, Lochner | 8 |
| Beukes, Niel | 9 |
| Bladergroen, Bernard | 10 |
| Botha, Jacques | 14 |
| Brand, Werner | 15 |
| Buys, Liam | 240 |
| Coetzee, Keanu | 16 |
| Crouse, Dean | 32 |
| De Jager, Hendro | 35 |
| De Jongh, Kehan | 36 |
| De Kock, Michiel | 42 |
| Dirkse van Schalkwyk, Nicolaas | 64 |
| Du Piesanie, Louis | 72 |
| Du Plooy, Marcel | 75 |
| Erasmus, Duan | 84 |
| Fischer, Luke | 86 |
| Fourie, Jean | 93 |
| Hanekom, Waldo | 96 |
| Hanekom, Dewald | 100 |
| Jordaan, De Wet | 110 |
| Langley, Inel | 116 |
| Liedeman, Emrique | 152 |
| Lourens, Thinus | 117 |
| Mans, Luhan | 124 |
| Maritz, Jordan | 125 |
| Odendaal, Theo | 130 |
| Otto, Gary | 140 |
| Page, Alec | 143 |
| Pitout, Ben | 145 |
| Pitout, Jacques | 150 |
| Rabe, Stephan | 157 |
| Skein, Heinrich | 161 |
| Slabber, Marcel | 162 |
| Smit, Johan | 172 |
| Stander, Liam | 176 |
| Steenkamp, Zach | 177 |
| Sterley Edward-John | 181 |
| Swart, Jaco | 188 |
| Uys, Janse | 191 |
| Van Dalen, Michael | 192 |
| Van Heerden, Dian | 193 |
| Van Niekerk, Philip-Albert | 198 |
| Van Rensburg, Christoff | 201 |
| Von Maltitz, Carl | 203 |
| Vos, Xander | 215 |
| Williams, Hanu | 218 |

# WASGOEDNOMMERS

## GRAAD 8 DOGTERS 2018

| | |
|---|---|
| Barnard, Lané | 181 |
| Beeslaar, Sumarie | 182 |
| Bornman, Sharné | 184 |
| Boshoff, Nicola | 188 |
| Bosman, Thorina | 189 |
| Botha. Talita | 190 |
| Claassen, Danielle | 191 |
| Claassen, Nadia | 192 |
| Crouse, Lana | 201 |
| De Wet, Carla | 210 |
| Deetlefs, Anke | 217 |
| Engelbrecht, Lizan | 219 |
| Engelbrecht, Minke | 222 |
| Etzebeth, Lara | 228 |
| Greyling, Zahn | 235 |
| Grobbelaar, Roosje | 236 |
| Heerschap, Anique | 242 |
| Jacobs, Alisa | 269 |
| Korff, Chenique | 275 |
| Kriel, Dani-Elle | 280 |
| Le Roux, Rita | 290 |
| Louw, Nauline | 299 |
| Louw, Jana | 303 |
| Lubbe, Dané | 310 |
| Moller, Lesley | 318 |
| Nel, Karli | 328 |
| Nortier, Sazkia | 330 |
| Pelser, Renet | 332 |
| Pretorius, Anke | 335 |
| Roux, Sumieké | 351 |
| Snyman, Linda | 354 |
| Swart, Nina | 361 |
| Thomas, Nicola | 365 |
| Truter, Anel | 373 |
| Truter, Charlese | 375 |
| Van Wyk, Andrea | 376 |
| Van Zyl, Mia | 377 |
| Viljoen, Catherien | 378 |
| Wilson, Zané | 379 |
| Woudstra, Anja | 405 |
| Theron, Danelle | 406 |
| Kriegler, Joanica | 407 |
| Van Zyl, Talitha | 408 |
| De Goede, Anel | 409 |
| Pienaar, Cari | 416 |

## Geagte Gimmie-ouers van 2018

Paarl Gimnasium vier in 2018 sy 160ste jaar van trots, respek, tradisie en uitnemende Gimmies. Baie geluk met u kind se aanvaarding tot die skool en ook die koshuis, die hartklop van die skool. Ons weet dat dit ‘n besonderse vyf jaar gaan wees wat voorlê.

" A ship is always safe at shore, but that is not what it's built for." Ek weet uit eie ervaring uit dat dit nie maklik is vir ouers om te besluit om hul kinders weg van die huis af te stuur nie. Dis egter 'n besluit wat 'n langpad stap in die vorming van jou kind en kan ook 'n reuse impak op sy lewe hê.

Die waarde wat die koshuis tot my lewe gevoeg het is ondenkbaar en moeilik om te verwoord. Nietemin het die koshuis my regtig gevorm tot die persoon wat ek vandag is.

My reis het ook begin in Huis Kalahari Visser. Die idee van 'n graad agt koshuis dra definitief baie waarde aangesien dit tyd gee vir die graad agts om aan te pas by die koshuisroetine. Dit gee ook geleentheid vir die nuwelinge om mekaar te leer ken, vriendskappe te bou en uiteindelik 'n sterk jaargroep te vorm. Om nuwe vriendskappe aan te moedig word die leerders vooraf in kamers ingedeel. Sodoende dwing dit hul om ander te leer ken. Nie almal van ons is egter so spontaan nie en daarom bied ons aan die graad agts die geleentheid om na die eerste vier weke van kamers en kamermaats te verander, indien hul nie noodwendig aanklank vind by daardie leerders nie.

As trotse koshuiskinders vorm ons saam die hartklop van die skool. Hierdie is ‘n opwindende tydperk wat in u kind se lewe voorlê en hy/sy gaan u ondersteuning en liefde baie nodig hê. Ons deur staan altyd oop vir u kind en ons is gewillig om te help waar ons kan. Ons wil u aanmoedig om u volle vertroue in ons, as hoofleiers, die huiskomitee sowel as die koshuispersoneel te plaas om uit ons pad uit te gaan om te verseker dat u kind gelukkig is. Dis nie altyd maklik om aan te pas nie maar ek glo en vertrou dat elkeen mettertyd sy plekkie in die sisteem vind.

In 2018 is dit ons werk om 'n saadjie in u kind se lewe te plant. Een wat baie herinneringe staaltjies en vriendskappe gaan oplewer. In Jeremia 29:11 staan die volgende, “ Ek weet wat ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teespoed nie; Ek wil vir julle ‘n toekoms gee, ‘n verwagting!” Met die hoop sien ek uit vir die nuwe generasie gimmies wat vanaf volgende jaar met 'n baie opwindende reis begin.

Gimmie-groete

Lara Horne
Koshuishoofdogter

Tiaan Visser
Koshuishoofseun

VISSER

# Liewe Miggie

Eerstens, baie geluk met jou aanvaarding tot die koshuis en ook om Paarl Gimnasium as jou Hoërskool te kies. Jy het beslis nie 'n fout gemaak nie. Daar lê 5 wonderlike jare vol herinneringe, opwinding en spesiale oomblikke vir jou voor en ons is baie bly dat jy dit met ons wil deel.

Ek is seker dat jou maag al teen hierdie tyd 'n bietjie draai van opgewondenheid en ook selfs stres, maar daar is niks om jou oor te bekommer nie. Hierdie tydperk wat jy nou gaan betree is die tye wat jy vir altyd sal onthou.

Om deel te wees van so wonderlike skool en koshuis, is sowaar iets om op trots te wees en ook 'n groot voorreg. Huis Kalahari Visser is nie sommer net enige koshuis nie, dit is jou HUIS vir die volgende jaar. Hier gaan jy lewenslange vriende en vriendinne ontmoet en verhoudings bou met 'n diverse verskeidenheid mense. Hier werk elkeen ook saam. Die woorde "Ons werk saam, want ons glo in mekaar" is woorde wat jy baie gaan hoor in jou Gr.8-jaar. Onthou hierdie woorde. Dit gaan die pad vorentoe net soveel makliker maak.

Geniet elke sekonde van jou tyd in die skool – die tyd vlieg regtig! Mag jy in jou tyd hier by ons net goeie vriende maak en met mooi herinneringe uitstap.

Onthou my deur staan altyd oop vir enige vrae of selfs net 'n bietjie raad. Ons, as Huiskomitee, is egter daar om julle te help.

Ons sien uit om jou te ontmoet.
Geniet die laaste gedeelte van die vakansie en rus lekker uit.

Gimmie-groete

Lara Horne
Koshuishoofdogter

Tiaan Visser
Koshuishoofseun

# Koshuisprefekte 2018

Tiaan Visser
Hoofseun

Franco Boonzaaier
Onderhoofseun

Dean Nieuwoudt
Addisionele lid

Bernard Basson

Christoff Botha

Rikus Brand

Mark Etzebeth

Rikus Groenewald

Van Eeden Hanekom

Charl Janson

Dehan Marais

Jean-Jacques Rossouw

Rikus Schreuder

Hendri Siebert

# Koshuisprefekte 2018

Lara Horne
Hoofdogter

Janke Siebrits
Onderhoofdogter

Carina Nel
Addisionele lid

Janke Coetzee

Nina Cuyler

Lynn-Mari du Plessis

Jeanne Dykman

Anneke Fourie

Lené Geldenhuys

Nika Greyling

Emma Kotzé

Danel Lambrechts

Ida-Mari Lategan

Nadene Prinsloo

Téneke Viljoen

# CV

Foto van jouself

Naam: _____

Van: _____

Woondorp: _____

Geboortedatum: _____

**Deelname en betrokkenheid in vorige skool:**

Leierskap: _____

Sport: _____

Akademie: _____

Kultuur: _____

**Meer oor jouself:**

Belangstellings:

Prestasies:

Wat wil jy in Gim bereik:

Hoekom het jy Gim gekies:

Karaktereienskappe:

Verwagting vir hierdie jaar:

**LYS VAN BENODIGDHEDE** VIR DIE VERWELKOMINGSPROGRAM VAN DIE EERSTE PAAR WEKE BY DIE KOSHUIS:

ITEMS MET 'N @ GEMERK MOET JY SAAMVAT NA DIE GR 8 KAMP OP SONDAG 14 JANUARIE; DIE RES MOET JY BY DIE KOSHUIS IN JOU KAS LOS.

- Volledig ingevulde CV (sien hierbo)**@**
- Wit t-hemp (goedkoop, sonder kraag) **@**
- Swart 'permanent marker'**@**
- 1 Swartsak
- 2 A4 kartonne
- 5 haarrekkies (meisies)
- Dummy
- Swart lint (60 cm)
- Oefenklere en -tekkies
- Sirkusklere (wees kreatief, goedkoop)
- Warm klere (Alaska-dag)
- Klink-en-klank (enige items wat 'n geraas maak)